HOËRSKOOL RANDBURG
AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 28 VAN 2021

1 Julie 2021

Geagte Ouer/Voog, Personeel en Leerder

Alle leerders is nou by die huis en amptelik met vakansie tot 19 Julie 2021 …. óf dalk nié. Die President spreek weer die nasie oor ’n week toe en dan sal ons sekerlik meer klaarheid hê oor die tydperk van die huidige vlak 4-inperking. Verder sal ons dan dalk almal weet wat met skole en die aangepaste kwartale gaan gebeur.

Ons antisipeer een van twee uitkomste:

1 Skole begin Maandag, 19 Julie 2021 soos nou aangekondig. Dan gaan ons voort met toetse soos per gewysigde rooster hierby aangeheg. Dit sal dan ’n “sit down” toetsreeks wees waar leerders, soos die afgelope 2 weke, by die skool kom skryf met dieselfde reëlings as wat tans gegeld het.
2 Skole word vir ’n langer periode gesluit weens die derde vlaag van Kovid-19. Dan begin ons op Maandag, 19 Julie 2021, met ’n volledige aanlyn-toetsreeks om die Junie assesserings geleentheid te voltooi.

’n Uitdaging is vakansiereëlings deur ouers vir die week van 19 Julie tot 23 Julie wat nie gekanselleer kan word nie. Vanaf Maandag 26 Julie behoort daar geen sulke gevalle te wees nie.
Ouers wat in hierdie dilemma verkeer moet onverwyld met mev. Mans skakel deur vir haar ’n e-pos te stuur by ***ellenize.mans@hsrandburg.co.za.*** Dan sal daar met elke individuele geval gedeel word.
Ons moet net altyd onthou dat ons merietekode vereis dat kandidate wat oorweeg word vir vakpryse of kursusprestasies (by ons jaarlikse prysuitdelings), aan alle gekontroleerde assesseringsmomente moes deelgeneem het, soos deur die skool geskeduleer. Enige afwykings diskwalifiseer die kandidaat om in aanmerking te kom vir pryse waar hy/sy kompeteer met ander leerders vir ’n toekenning. Ons moet appels met appels vergelyk.
Dis dan ook logies dat die uitreiking van rapporte vertraag word tot na afhandeling van die Junie-toetsreeks in watter vorm ook al.

Aanlyn-toetsreeks:

Dis ’n “Eerste” vir ons skool, maar word wyd deur tersiêre instansies en verskeie ander skole gebruik. Ons elektroniese platform waarlangs ons die vraestelle versprei en dan die antwoordstelle weer terug kry, is reeds vanaf Maart 2020 in plek, en leerders het al aan aanlyn assesserings deelgeneem of werk via Google Classroom aan die onderwyser versend. Volledige assesserings-instruksies aan die leerder word in die volgende paragraaf gegee. Daar word met ’n aanlyn-eksamen ’n baie hoë premie geplaas op die eerlikheid van elke kandidaat. As skool maak ons staat op die integriteit van elke kind en elke huis om aan die toetse die nodige geldigheid te verleen.

Indien ons aanlyn toets gaan skryf verval alle praktiese vraestelle om op ’n latere stadium afgeneem te word.
Leerders wat nie internet toegang het nie, moet op die oggend van die vraestel 30 minute voor die aanvang van die vraestel in die vierkant by die skool aanmeld waar hulle ontvang sal word, en na ’n rekenaar met internet toegang gekanaliseer sal word.
Mev. Nita Mouton sal persoonlik met konsessie leerders en hulle ouers in verbinding tree oor hoe die eksamen afgeneem gaan word.

AANLYN TOETS-INSTRUKSIES VIR LEERDERS:

1. Maak seker jy is **tegnies reg** vir aanlyn eksamen skryf:
   1.1. Maak seker jy het die **Google Classroom app** op jou foon en dit is opgedateer na die nuutste weergawe. Leerders met ’n Huawei foon kan instruksies op hierdie skakel volg: *https://consumer.huawei.com/ae-en/community/details/topicId_145381/*
   1.2. Jy moet ingeteken wees met jou skool eposadres. Indien jy jou aanteken besonderhede verloor het, stuur ’n epos aan *claire.smuts@hsrandburg.co.za* om dit weer te kry.
   1.3. Jy moet by al jou vakke se korrekte kombinasie se Google Classroom aansluit (indien jy nog nie het nie). Indien jy enige klasse se kodes benodig, kan jy dit kry by *http://bit.ly/RBAanlyn*. Alle onderwysers se eposadresse is ook hier beskikbaar ingeval daar klaskodes is wat nie werk nie.
2. Jou vraestel sal in **PDF-formaat** om **8:50** beskikbaar gestel word op Google Classroom (GC) as ’n opdrag ('assignment') onder die 'Classwork' tab sodat jy 10 minute leestyd het voordat jy 9:00 begin met jou vraestel.
3. **Laai jou vraestel af** om op jou foon te kan lees, en sit jou foon dan op 'flight mode' om alle onderbrekings te vermy.
4. Gebruik gewone lyntjiespapier om jou vraestel te beantwoord. **Skryf jou naam** duidelik **bo-aan ELKE bladsy**, in plaas van net bo-aan die eerste bladsy, soos in ’n gewone eksamen. Jy moet ook elke bladsy baie duidelik nommer – bo aan die bladsy en reg in die middel met “**bladsy nommer**“. Skryf asseblief met ’n swart pen. Dit “scan” baie beter as ’n blou pen. Moet ook nie aan weerskante van jou papier skryf nie. Die agterkant slaan deur as ons “scan”.
5. Sodra die tydsbeperking van die eksamen verby is, kan jy jou foon se 'flight mode' afskakel en jy het ’n **halfuur** om jou **vraestel** te **skandeer** en **in te handig**. ’n Video van hoe om te “scan” sal beskikbaar wees op julle WhatsApp graad-groepe en op die Aanlyn Leer webwerf by *http://bit.ly/RBAanlyn* .
   5.1. Maak GC oop, gaan na die betrokke klas en opdrag (“assignment').
   5.2. Kliek op **+ Add work** en gebruik die ingeboude **“scanner”** opsie of **Camera** en dan **“scan pages”**. (indien jou app dit nie het nie is dit heel moontlik nie op datum nie, jy kan dan ook ’n app soos “Camscanner” of “Adobe scan” gebruik).
   5.3. Neem dit af in ’n **VERTREK MET BAIE GOEIE LIG VAN ALLE KANTE AF** en op **’n donker oppervlak** – daar moet ’n bietjie spasie rondom die bladsy wees vir die app om die bladsy reg op te tel – hy sal dit self “crop”, moenie dit te naby afneem nie.
   5.4. Elke bladsy word een vir een afgeneem (maak seker die bladsy is in fokus), waarna die 'app' self raai waar die **kante van die bladsy** is. Maak seker dit het reg geraai en nie jou naam êrens afgesny nie. Indien daar ’n fout is, klik op die “crop” knoppie (heel regs) om die fout reg te stel.
   5.5. Maak seker die bladsye **wys** almal in die **regte rigting**. Jy kan die bladsy 'rotate' as die app nie self reggemaak het nie met die knoppie tweede van regs af.
   5.6. Neem dit asb. in die **regte volgorde** af.

5.7. Kliek op die **plus** om **nog ’n bladsy** by te voeg.

5.8. As jy al die bladsye klaar afgeneem het, kan jy net kliek op **Save**. Jy sal dan die **PDF aanhegsel** ('attachment') sien op die opdrag. Kies heel onder **'Hand in'**.

6. Ons sal hierdie proses Vrydag 16 Julie **oefen** deur vir almal ’n paragraaf oefen-opdrag in hul **Lewensoriëntering** klasse te plaas. Julle sal van 09:00 tot 10:00 hê om die opdrag te voltooi en terug te stuur op die metode wat hierbo beskryf word. As jy enige tegniese probleme ondervind, kan jy met jou ’n Onderwyser (enige) kontak maak op WhatsApp vir hulp. Vra ook vir een van jou maats wat dit regkry, voor jy vir die onderwyser vra.

AANGEPASTE FORMELE TOETSREEKS JULIE 2021

GRAAD 8 - 8:30 LEERLINGE VERDAAG NA AFLOOP VAN DIE VRAESTEL

Ma. 19 Jul	Di. 20 Jul	Wo. 21 Jul	Do. 22 Jul	Vr. 23 Jul	Ma. 26 Jul
KK(T) (2)	SW 1 (Geo) (1½)	EBW 1 (Rek) (1½)		WISK (2)	

GRAAD 9 - 8:30 LEERLINGE VERDAAG NA AFLOOP VAN DIE VRAESTEL

Ma. 19 Jul	Di. 20 Jul	Wo. 21 Jul	Do. 22 Jul	Vr. 23 Jul	Ma. 26 Jul
AFR Vr1 (Taal) (2)	WISK (2)	NW (1½)	Rekenaar Vaardigheid (1) Skryf volgens vanne: 8:00 – 9:00 Arendse, C – Marais, S 9:30 – 10:30 Marais, T – Woolley, K *Lokale: B4, B5, B6 & B7*	SW 2 (Gesk) (1½)	EBW 1 (Rek) (1½)

GRAAD 10 - 8:30 LEERLINGE VERDAAG NA AFLOOP VAN DIE VRAESTEL

Ma. 19 Jul	Di. 20 Jul	Wo. 21 Jul	Do. 22 Jul	Vr. 23 Jul	Ma. 26 Jul	Di. 27 Jul	Wo. 28 Jul	Do. 29 Jul
GVS (1½) *LO Saal*	Afr. Vr2 (Lett) (2½) *LO Saal, A6, A7 & A8*	LW (2½) *Ouditorium & K5*	IT (T) (2) *LO Saal* Vis Kuns (T) (2½) *A6*	Rek (2½) *K5*	Geo Vr2 (T) (2) Ontwerp (T) (2½) *A6 & A7* Musiek Luistertoets (1½) *Ouditorium*	LO (1½) *LO Saal*	Toerisme (1½) *LO Saal*	BES Vr2 (1½) *LO Saal*

GRAAD 11 - 8:30 LEERLINGE VERDAAG NA AFLOOP VAN DIE VRAESTEL

Ma. 19 Jul	Di. 20 Jul	Wo. 21 Jul	Do. 22 Jul	Vr. 23 Jul	Ma. 26 Jul	Di. 27 Jul	Wo. 28 Jul	Do. 29 Jul
Afr. Vr1 (Taal) (2) *LO Saal A6 & A7*	LW (2½) *LO Saal*	IGO (Siv) (2) Mus(T) (3) *LO Saal & A6*	Toerisme (2) *LO Saal*	IGO (Meg) (2) *LO Saal* Mus (P) *Ouditorium*	RTT (T) (2) *LO Saal*	LO (2½) *LO Saal*	Geo Vr2 (T)(2) IT (T) (2) *LO Saal & A6* Drama (P) 12:00 – 18:00 Drama-lokaal	BES Vr2 (2) *LO Saal*
Afr. Vr3 (Stelwerk) (1½) Begin 12:30 Sit 12:00 *LO Saal A6 & A7*								

GRAAD 12 - 8:30 LEERLINGE VERDAAG NA AFLOOP VAN DIE VRAESTEL								
Ma. 19 Jul	**Di. 20 Jul**	**Wo. 21 Jul**	**Do. 22 Jul**	**Vr. 23 Jul**	**Ma. 26 Jul**	**Di. 27 Jul**	**Wo. 28 Jul**	**Do. 29 Jul**
LW Vr1 (2½) BES Vr1 (2) *Saal*	Eng FAL (2) / HL (2) P1 (Lang) *Saal & Klubhuis*	FW (Fisika) (3) Toerisme (3) *Saal*	FW (Chemie) (3) Drama (3) *Saal*	IGO (Meg) (3) *Saal*	IT(T) (2) Geo Vr2 (2) *Saal* Musiek Luistertoets (1½) *Ouditorium* Drama (P) 12:00 - 18:00 *Drama lokaal*	LW Vr2 (2½) BES Vr2 (2) *Saal*	LO (1½) *Saal & Klubhuis*	Eko Vr 2 Mikro (2) *Saal* Mus(P) *Oudito-rium*

Hierdie is noodmaatreëls om ons Kovid-situasie te bestuur. Ons aanvaar dat daar uitdagings gaan wees en sal dit met oorleg hanteer soos hulle opduik. Oorwegend antisipeer ons dat ons aanlyn opsie goed kan werk indien dit nodig word om hom te gebruik.

Vriendelike groete en geniet die vakansie.

P. Booysen: Hoof